Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, en 5) | (40) |

2. Lees AL die instruksies baie deeglik deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die artikel hieronder goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

### ANTISOSIAAL, NUWE NORMAAL?

1 Deesdae kan ŉ mens baie baie vriende aanlyn hê en selfs met wildvreemdes wêreldwyd gesels, maar tog sukkel ons om verhoudings met die mense naby aan ons te bou. Dit lyk of tegnologie tog ŉ invloed op ons mense- en gesinsverhoudings het, want pa, ma, boeties, sussies en vriende sit permanent met hul eie elektroniese apparate.



2 As woorde soos WhatsApp en Facebook vir jou vreemd is, woon jy seker op Mars. Want, soos baie mense wat werk ŉ koppie koffie in die oggend nodig het om wakker te word, het die Y-generasie (mense wat tussen 1976 en 2010 gebore is) hulle selfone, rekenaars of tablette nodig.

3 Dit neem baie tyd om met jou kubervriende in jou virtuele sosiale groep te kuier. Dit kan ook jou slaappatroon aantas. Andrea (17 jaar) se beste vriend is in Bangkok. Wanneer ek slaap, is dit dag by hulle, maar sy Facebook my wakker en dan **moet** ek reageer.

4 Kommunikasietegnologie maak dat jongmense meer en meer tyd op hul eie (in isolasie) in hulle eie virtuele sosiale kringe bestee. Die tyd om saam met jou gesin te kuier, word minder en mense sit alleen in hulle eie spasie. Dit is ongelukkig iets wat ons nie kan keer nie.

**Kommunikasie-afhanklikheid**

5 Moderne kommunikasietegnologie verander die psige van die mens, sê Pieter de Villiers, ŉ besigheidskonsultant. “Mense raak afhanklik van tegnologie, dis amper soos alkoholisme ... dit sluit selfone, rekenaars, internet, e-pos, tablette en TV’s in. Ons is besig om ons fokus te verander van mense na tegnologie.

6 Die eerste ding wat mense doen as hulle in die oggend opstaan of nadat die vliegtuig land, is om hulle foon aan te skakel. Ons raak meer en meer individualisties. Ek en my virtuele lewe het nie meer mense nodig nie. Ons lewe in ŉ vakuum; net ons en ons tegnologie.”

**Jou vriend en vyand**

7 Een van die min voordele is dat mense wat skaam is, wel op WhatsApp en Facebook sal kommunikeer en so hulle sosiale lewe kan verbeter.

8 Die probleem met virtuele kommunikasie is dat mense nie verantwoordelikheid neem vir dit wat hulle doen nie. Selfs volwassenes gebruik WhatsApp om vir hulle vrou of man te vra om te skei. Geen mens wil met ŉ negatiewe reaksie gekonfronteer word nie. Mense begin ook sukkel om met mekaar te gesels. Kinders kan nie meer met hulle ouers gesels nie, hulle sukkel om in groepe met mekaar te praat, hulle sukkel om in die klas te fokus en hulle kan nie meer behoorlik lees nie.

9 Dr. Tanya Boshoff, ŉ kliniese sielkundige, sê dat mense ŉ fantasie-wêreld op Facebook skep wat eintlik anders is as wat hy of sy regtig is. Daar kan jy van die moeilike en baie keer ŉ hartseer lewe na ŉ perfekte wêreld vlug. Hierdie *maak-asof-alles-perfek-is* wêreld kan lei dat hul Facebookvriende depressief word omdat hulle eie lewe nie perfek is nie. Tieners het ook byname in geselskamers en sê dinge wat hulle nooit hardop of vir iemand direk sal sê nie. Hulle leer ook nie om in die openbaar te praat nie omdat hulle nie geleer het hoe om op te staan en te sê wat hul dink nie. Dit is hoekom mondelinge en dialoog in ŉ klas baie belangrik is.

10 ŉ Groot probleem met virtuele kommunikasie, is dat ŉ mens nie lyftaal, gesiguitdrukking en verskillende stemtone kan *lees* nie. Dit kan na groot misinterpretasies van ŉ boodskap lei. Daarom moet ouers hul kinders *leer* hoe om te kommunikeer en kinders moet ook aan debatsgroepe deelneem. Bel eerder jou vriend met WhatsApp as om vir hom of haar ŉ teksboodskap te stuur.

11 Tegnologie se voordeel is dat nuus en inligting blitsvinnig versprei. Dit het baie voordele vir almal wat wil weet wat om hulle aangaan. ŉ Nadeel is ongelukkig dat daar baie nuus is wat onwaar of verkeerd is en mense weet nie altyd wat om te glo nie. Mense sit ook by die werk op Facebook en WhatsApp en baie werksure gaan verlore.

12 Moenie dat die virtuele wêreld jou dag opeet nie; maak tyd vir die regte wêreld en dit wat belangrik is.

[Aangepas en oorgeskryf uit *Taalgenoot*, Februarie 2008]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Met wie sukkel ons om ŉ verhouding op te bou? (1)

1.2 Waarom sukkel ons om ŉ verhouding op te bou? (1)

1.3 Hoekom word die woord **baie** twee keer in die eerste sin gebruik? (1)

1.4 Hoekom sê die skrywer: “As woorde soos WhatApp en Facebook vir jou vreemd is, woon jy seker op Mars.” (1)

1.5 Motiveer deur uit die teks aan te haal waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Die matriekklas van 2021 is nie deel van die Y-generasie nie. (1)

1.6 Wat het werkende mense en die Y-generasie in gemeen? (1)

1.7 Hoe weet ons dat Facebook sleg vir jou is (paragraaf 3)? (1)

1.8 *Wanneer ek slaap, is dit dag by hulle, maar sy Facebook my wakker en dan **moet** ek reageer.*

1.8.1 Dink jy Andrea moet ook in die aand haar Facebook-boodskappe lees en beantwoord? Ja of nee.

1.8.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)

1.9 Lees weer paragrawe 4 en 5.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Kommunikasietegnologie veroorsaak dat mens (verslaaf daaraan raak/tyd het om met jou vriende te kuier). (1)

1.10 Lees weer paragraaf 6.

Noem EEN sosiale probleem wat die mens deesdae beleef. (1)

1.11 Noem TWEE verkeerde dinge wat mense kan doen wanneer hul sosiale media gebruik. (2)

1.12 Watter stelling is ONWAAR van sosiale media?

A Introverte praat maklik op sosiale media.
B Mense sukkel om met mekaar te kommunikeer.
C Kinders se spelvermoë verbeter.
D Kinders se leesvermoë verswak. (1)

1.13 Noem ŉ rede waarom mondeling in ŉ klas belangrik is. (1)

1.14 Waarom kan geskrewe kommunikasie na ŉ misinterpretasie van ŉ boodskap lei? Gee TWEE redes. (2)

1.15 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van nuusberigte op die internet. (2)

1.16 Hoekom is daar ŉ vraagteken na die hoofopskrif: Antisosiaal, nuwe normaal? (1)

1.17 Die prentjie met die mense pas by die inhoud van die teks.

VERGELYK die prentjie met die inhoud van die teks. (2)

1.18 Kies die korrekte antwoord uit KOLOM B wat by die naam in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.3) neer, bv. 1.18.4 E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Tanya Boshoff | A | Mense raak afhanklik van tegnologie |
| 1.18.2 | Pieter de Villiers | B | Gesinsverhouding |
| 1.18.3 | Andrea | C | Mense skep ŉ verbeeldingswêreld |
| | | D | Slaappatroon word versteur |

(3 x 1) (3)

**TEKS B**




[Bron: https://bit.ly/3awGzcD]

1.19 Watter sosiale media-toepassing word gebruik om die meeste teksboodskappe te stuur? (1)

1.20 Hoeveel navrae kry Google elke minuut? (1)

1.21 Hoekom word ŉ trollie in die diagram hierbo gebruik? (1)

1.22 Watter toep het die meeste besoekers? (1)

1.23 Hoeveel stemboodskappe word elke 600 sekondes (10 minute) op AmazonEcho gestuur? (1)

1.24 Hoekom, dink jy, het so baie mense die internet in 2020 besoek? (1)

**[30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke oor **wat ’n mens tydens grendeltyd kan doen wat jou kan help om te oorleef** in jou EIE VOLSINNE neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die wenke van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die **korrekte** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## TEKS C

**HOE OM GRENDELTYD TE OORLEEF ...**

Grendeltyd was ’n uitdaging vir almal. Sommige mense het vinnig aangepas, sommige sukkel nou nog. Maar hoe kan ek myself help as dit weer sou gebeur?

Maak tyd om oor grendeltyd (‘lockdown’) te gesels. Jy kan jou met jou vriende of ’n familielid praat oor hoe jy voel. Dit help altyd om oor dinge wat jou pla te gesels. Wanneer jy met iemand gesels, moet jy eerlik wees oor jou emosies; veral oor jou aanlyn skoolwerk of omdat jy nie jou vriende kan sien nie, of oor jou ouers se houding in hierdie tyd.

Baie keer voel ’n mens skaam om oor jou emosies en ervarings te praat. Dit is ’n goeie idee om hulpmiddels soos byvoorbeeld foto’s of emoji’s te gebruik om mee te gesels.

Kleiner kinders kan emosies teken of hulle kan selfs saam as ’n gesin prentjies oor negatiewe of positiewe emosies uitsny en miskien ’n collage maak. Tieners kan dalk musiek gebruik om hulle emosies te beskryf en ook om grappies daaroor te deel wat hulle grendel-ervaring goed opsom. Soms moet ’n mens ook vir jouself kan lag om beter te voel.

Wanneer ons goed deel, help dit ons om ons emosies te verwerk; daarom moet ons tyd maak vir ander mense. Vra jou ouers om ook met julle te praat. Sommige ouers wil nie hê hulle kinders moet sien hulle vind die tyd ook moeilik nie. Dit is daarom belangrik om gesinstyd te maak en daar vir mekaar te wees.

[Aangepas uit https://bit.ly/3oi1e8]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Uit https://bit.ly/3aIrtAy]

3.1 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

(gemoed + rus) (1)

3.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Besoek my vir die (goed) pryse. (1)

3.3 Verander die volgende sin in 'n BEVELSIN.

Bel my. (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die man se liggaamstaal wys dat hy (vriendelik is met/manipuleer) sy klante. (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die teikengroep van die advertensie is (klante wat voertuie wil verkoop/klante wat Tapa wil koop). (1)

3.6 Watter toekenning het **Seebos Tapa** ontvang? (1)

3.7 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin.

Ons betaal kontant vir jou moter. (1)

3.8 Gee ŉ rede uit die teks waarom jy jou voertuig aan Seebos Tapa sal verkoop. (1)

3.9 Waarom word voornaamwoorde soos *jou* en *my* in die advertensie gebruik? (1)

3.10 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Tapa is ŉ (bekende) voertuig. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Die Burger*, 15 April 2020]

4.1 Hoe weet ons dat die seun wat op die bank lê, slaap? (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. (1)

Die pa se woorde impliseer dat die probleem by die (skool/huis) lê.

4.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. (1)

Die vrou (met wie/waarmee) die man praat, lyk bekommerd.

4.4 Skryf die volgende sin in die indirekte rede.

"Ek leer ook nou uit tuisonderrig," sê die pa. (1)

**Begin so:** Die pa sê ...

4.5 Gee die korrekte AFRIKAANSE woord vir *head phones.* (1)

4.6 Hoekom word die woord, **onderwysers**, beklemtoon? (1)

4.7 Hoe weet ons dat die pa nie hard wil praat nie? (1)

4.8 Voeg die korrekte VOORSETSEL in.

Die kinders sit ... die tafel en werk. (1)

4.9 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die meisie sit haar naels en verf. Sy luister musiek. (terwyl) (1)

4.10 Gee EEN woord vir die woord tussen hakies.

Hierdie tuisonderrig begin (in die oggend). (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**SKILPAD SE DOP**

Eendag was daar ŉ (5.1 skilpad) en hy het alleen in die veld gewoon.
(5.2 Hy kyk elke dag hoe die ander diere hardloop) en hy het hartseer gevoel.
Skilpad het gedink en gedink en toe sê hy, "Ek kan nie (5.3 stadig) hardloop nie, want my (5.4 dop) is te swaar."

(5.5 Wanneer hy uit sy dop gekruip het, was hy baie gelukkig.)
Skilpad hoor ŉ lawaai en kyk op. Daar sien hy ŉ groot voël wat laag (5.6 vlieg) wat hom wou vang.

Hy hardloop na ŉ (5.7 boom) met ŉ gat (5.8 in + dit) en kruip by die gat in.
Skilpad wag lank tot die voël wegvlieg (5.9 kom uit die gat).
Dit begin reën en dis koud. Die (5.10 bewe) skilpad voel nou regtig baie sleg.
Hy soek (5.11 by die klip sy dop gou-gou) en kruip terug.
Hy sê: "(5.12 ... !) Nou is ek veilig." Dis hoekom skilpaaie tot vandag toe nie uit (5.13 ...) dop wil kruip nie.

[Verwerk uit https://bit.ly/3pXH59P]

5.1 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Eendag was daar ŉ (skilpad) en hy het alleen in die veld gewoon. (1)

5.2 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Hy kyk elke dag hoe die ander diere hardloop. (1)

5.3 Gee ŉ ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Ek kan nie (stadig) hardloop nie. (1)

5.4 Gebruik die HOMONIEM van **dop** in ŉ sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.5 Verbeter die TAALFOUT in die volgende sin.

Wanneer hy uit sy dop gekruip het, was hy baie gelukkig. (1)

5.6 Gebruik die werkwoord **vlieg** as ŉ SELFSTANDIGE NAAMWOORD sodat die betekenis duidelik is.

Daar sien hy ŉ groot voël wat laag **vlieg** wat hom wou vang. (1)

5.7 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Hy hardloop na ŉ (boom) met ŉ gat. (1)

5.8 Skryf die KORREKTE VORM van die woorde tussen hakies.

Hy hardloop na ŉ boom met ŉ gat (in + dit) en kruip in. (1)

5.9 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Skilpad wag lank tot die voël wegvlieg (kom uit die gat). (1)

5.10 Gee die korrekte TEENWOORDIGE DEELWOORD vir die woord tussen hakies.

Die (bewe) skilpad voel nou regtig baie sleg. (1)

5.11 Gee die korrekte WOORDORDE vir die deel tussen hakies.

Hy soek (by die klip/sy dop/gou-gou) en kruip terug. (1)

5.12 Skryf ŉ passende TUSSENWERPSEL neer.

Hy sê, "( ... !) Nou is ek veilig." (1)

5.13 Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

Dis hoekom skilpaaie tot vandag toe nie uit ... dop wil kruip nie. (1)

5.14 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die **figuurlike** betekenis van iemand wat in sy dop kruip, is om (skaam te wees/veilig te wees). (1)

**TEKS G**




[Bron: *Rapport*, 27 Februarie 2018]

5.15 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Jannie jaag elke dag die hond. (1)

5.16 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Die gasvrou droog die (skottelgoed) af. (1)

5.17 Gee die PERSOONSNAAM van die woorde tussen hakies.

Die (mense wat kuier) doen net wat hulle wil. (1)

5.18 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Daar lê baie (speelgoed/speeldinge) op die vloer. (1)

5.19 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die hele sin oor.

Die man lê op die bank want hy is moeg. (1)

5.20 Skryf die vraag hieronder in die ONTKENNENDE VORM.

Het jy die skottelgoed al gewas? (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou